Midgard Country Estate se nuutopgeknapte treinwaens is onlangs bekend gestel. FOTO'S LLOYD ZANDBERG

» **Unieke treinwaens** bekend gestel

Sakke-pakke, sout en nuwe peper gee gas

Die opgeknapte gedeelte bestaan onder meer uit 'n gemeenskaplike vuurput, drie treinwaens, ablusiegeriewe en 'n eetsaal.

› Lloyd Zandberg

Die publiek, mediapersoonlikehede en die O&L Leisure-groep het Vrydag die bekendstelling van Midgard Country Estate, sowat 90 km buite die hoofstad, se nuutopgeknapte treinwaens bygewoon.

Die opgeknapte gedeelte bestaan onder meer uit 'n gemeenskaplike vuurput, drie treinwaens, ablusiegeriewe en 'n eetsaal.

Terence Makari
O & L LEISURE-GROEP

"Ons wil elke besoek aan ons geriewe een maak wat vir ewig onthou sal word."

Die drie waens het elk 'n unieke tema, naamlik "Graphic", "Vintage" en "Crisp".

Die Graphic-wa is vrolik en kleurvol om jonger gaste te lok, en is deur die ontslape popkuns-kunstenaar Andy Warhol geïnspireer.

Die Crisp-wa word as verwelkomend en vars beskryf om die moderne besoeker, op soek na 'n gemaklike, eenvoudige ervaring, te trek.

Die Vintage-wa neem gaste deur die verlede met romantiese ondertone.

Dié wa is geskik vir paartjies van enige ouderdom.

Die O & L Leisure-groep se besturende direkteur, mnr. Terence Makari, sê die groep werk hard daaraan om Namibië se mees geliefde hotelgroep te bly.

"Ons wil elke besoek aan ons geriewe een maak wat vir ewig onthou sal word," het Makari gesê.

Besoek die O & L Leisure-groep se webtuiste vir besprekings of meer inligting.

Die bekendstellingsgeleentheid by die landgoed het die partytjievure hoog laat brand.



Mnr. Terence Makari, besturende direkteur van die O & L Leisure-groep.